

Gedagtig aan twee groot geeste, twee professore, twee manne van die volk

Toe die vermaarde “volksskrywer” prof. Pieter Grobbelaar op 19 Januarie oorlede is, het daar iets betekenisvol in ons kultuurgeskiedenis ook weggeval – soos ‘n pilaar wat ons erfenisstrukture vir baie lank stewig gesteun het. Dit voel werklik soos die einde van ‘n era, dat die berigte in die media die laaste eggo’s was wat weggesteef het nadat ‘n baie groot seder in ‘n kwynende bos geval het. Liries? Melodramaties? Nee, tog nie: dis hoe dit voel. Net soos met ander kulturgeeste wat oor die jare heengegaan het, een vir een; die bos opsigtelik kleiner elke slag. En wanneer ek aan Afrikaanse kultuurgeskiedenis in die Boland dink, dink ek nou aan spesifiek twee van genoemde groot geeste. Benewens Prof. Grobbelaar gaan my gedagtes na “Oom” Bun Booyens, daardie groot man in ‘n klein lyfie, wat so beskeie was ten spyte van talle prestasies. Insluitende twee doktorsgrade. Met heimwee sal baie aan hulle terugdink, veral diegene wat die voorreg gehad het om hulle te ken. Persoonlik het ek hulle skaars geken, maar ek onthou elke ontmoeting baie goed. En veral die positiewe en lighartige insidente bly my die beste by. Oom Bun was my koshuisvader by die Stellenbosse manskoshuis Eendrag in die vroeë tagtigs. Ek het nie by hom klas geloop nie, maar die huisvergaderings en terloopse geselsies op die koshuisterrein was hoogtepunte. Maar daar was ook een insident waarvoor ek spyt is. Ek het ‘n ekstra-groot blikkoffiebeker gehad en een middag pak ‘n bevlieging my – ek hoor my ou maat Bok Smit al geselsend in die gang aankom. My blikbeker was vol water. My kamerdeur was oop. Bok is niksvermoedend ... en toe Bok en sy gespreksgeenoot regoor die deur kom, tref die hele 500ml H₂O hulle uit die niet. Altans; terwyl daardie massa water deur die lug

trek, besef ek die “gespreksgenoot” is Oom Bun! Ek sal nooit vergeet hoe ek gewens het ek kon die streep water soos ‘n sweep terug pluk ... maar, tipies Oom Bun, het hy die humor daarvan ingesien, en daar was geen reperkussies nie. Ek twyfel of meeste hoogleraars so vergewensgesind is. Dalk ook nie Prof. Gobbelaar nie, maar hy het sy eie talente na die tafel gebring. Ek het toevallig beide van hulle as (mondelinge) bronne benut toe ek my studie van die werk van TO Honiball sowat twaalf jaar gelede begin het. Ek en my vrou Charlene het eerste by Oom Bun in Stellenbosch gaan aanklop. Toe ons voor die huis stop, kom hy oor die straat gestap en neem elkeen van ons aan ‘n arm en lei ons die huis in. “Kom, sit hiegh”, het hy gebrei “dat ons met ons elmboë op die tafel kan sit.” En daar het ons seker twee uur gesit. Iewers het ek nog ‘n klankbandjie met sy stem op. En só ook een van Prof. Grobbelaar. Ons was ook by hom aan huis in Wellington, op dieselfde missie. Hy het in ‘n lang kamer aan die een punt van die huis gewerk – sy oorbelade studeerkamer met talle toekennings teen die mure, ook geraamde tekeninge deur o.a. Katrine Harries) . Later het die telefoon gelui. Dit was sy vrou Cornelia (nou ook oorlede, slegs sowat ‘n maand voor hom) – sy wou hoor of sy die tee kan bring. En sy het, onder begeleiding van ‘n bedeesde foksterriër, en toe is hulle weer by die sydeur uit. Prof. Grobbelaar het alleen gewerk, terwyl oom Bun skynbaar meer van ‘n opedeurbeleid gevolg het – ek weet sy katte het dit uitgebuit. Om die waarheid te sê, elke maal as ek met een van ons s’n op my skoot sit en tik – soos nou – dink ek aan hom. En dan *smaail* ek met my voortande en kners op my agtertande, want as Oom Bun dit so kon doen, wie is ek om ongeduldig te wees? Inderdaad is dit nie net die omvang hierdie twee geleerdes se kennis wat ander begeester het nie, maar die buitengewone hartlikheid, nederigheid en medemenslikheid wat vir my nogal tipies is van

Kultuurhistorici. Die talle lekker kuiers (as konferensies vermom) wat ek saam met hierdie mense geniet het sal my langer bybly as al die lesings wat ek van 1980 tot 2010 by my alma mater deurgedroom het. Oom Bun is in Mei 2010 op 94-jarige leeftyd oorlede en sy eggenote van 60 jaar, Secunda, in 2009. Prof. Grobbelaar is op 19 Desember op 82 oorlede. Hy en sy vrou was ewe oud en hulle was 'n halfeeu lank getroud. Ons was besonder geseënd om hulle vir soveel jare met ons te kon hê. En die herinneringe sal altyd daar wees, soos ook die wonderlike boeke wat hulle aan hulle volk nagelaat het – van rugby en kuns tot Jakkals en Wolf; vir algar, van kleuter tot keiser om te geniet en te waardeer, want daar sal kwalik weer sulke mense wees of sulke boeke geskryf word.

Illustrasie: Met die elmboë op die tafel: twee groot geeste.

Francois Verster, February 2013

